KIXPIRASIE KWARTAAL 3 2023

Jou Pretzel-Roeping

Aktiwiteit: Deel aan elkeen ‘n pretzel uit (indien moontlik kan elkeen ‘n pakkie pretzels kry).

Gesels saam:

- Hoe proe dit? Watter smaak staan vir jou uit?
- Hoe lyk dit? Waaraan laat ‘n pretzel jou dink?

Vertel die storie: ‘n Monnik het in 610nC ‘n “snack” ontwerp om kinders te beloon wat hul gebede geleer het (soos dit daardie tyd die gebruik in die kerk was). Hierdie slim monnik het die deeg gevorm dat dit lyk soos arms wat in gebed gevou is. (Christene het in daardie tyd gebid deur hulle arms te kruis en met elke hand op die teenoorgestelde skouer vas te hou.) Hierdie “snacks” is “Pretiolas” genoem wat “klein beloninkies” beteken.

Hierdie klein pretzels wat in elke winkel verkoop word, is eintlik vir ons ‘n herinnering om te bly bid. Die een ding wat uitstaan van die pretzels, is nie net hulle vorm nie, maar ook die sout wat die smaak aan die pretzel gee. Orals waar ons gaan in die wêreld is daar altyd iets wat ons herinner aan Christus, sy Woord, en gebed. Jy as vrywilliger en Kix-leier, word geroep om ‘n pretzel te wees: Oral waar jy gaan moet jy die sout wees wat smaak moet gee aan ‘n smaaklose wêreld. Jou tyd saam met jou groepie - jou kontak met hulle - dit is pretzel-geleenthede waarvoor jy geroep is. So, wanneer dit voel asof jy sewe sakke sout sleep, onthou dat die stukkies sout wat uit daardie sak val, geestelike sout is wat vrug van die Evangelie dra. Moenie moed opgee op jou pretzel-geleenthede nie. Jy is geroep hiervoor!! Bly biddend terwyl jy die sout wat smaak in hierdie wêreld moet gee, gaan wees.

Matteus 5:13: Julle is sout wat smaak moet gee aan hierdie smaaklose wêreld waarin almal in sonde leef.

Bid vir mekaar: Draai twee-twee na mekaar toe en bid vir mekaar.